

4 Mei

Skrifgedeelte: Markus 16:1-20 (OAV)

Tot alles in staat deur Hom wat opgestaan het uit die dood

Markus 16 is die hoogtepunt van die evangelie. Hier word die versekering gegee van Jesus se oorwinning oor alle magte. Markus gebruik vroue as hoofkarakters in hierdie klimaks van gebeure. Sondagoggend vroeg is hulle op pad om aan hulle Meester die laaste eer te gaan bewys deur Hom te salf. Hulle was teenwoordig by die kruisiging en die twee Marias was ook getuies van die begrafnis. Daarom weet hulle waarheen om te gaan, maar dis geen aangename taak wat vir hulle voorlê nie. 'n Probleem wat hulle reeds beswaarde gemoedere nog verder belas, is die gedagte aan die swaar klip voor die graf se opening. Om die klip weg te rol sou hulle van êrens hulp moes kry.

Sien jy jouself in hierdie vroue? Jy, wat met neergeslane oë worstel met probleme wat onoorkombaar en onoplosbaar lyk! Omdat ons Jesus nie sien as die Opgestane nie, meen ons daar is geen uitkoms uit ons nood nie. Of dit nou persoonlik is of landsprobleme of wêreldprobleme, ons voel magteloos daarteenoor. Magteloos omdat ons soos hierdie vroue voor ons loop en vaskyk. Vergeet dat Jesus nie net gesterwe het nie, maar ook opgestaan het en die laaste mag verslaan het. Ons vergeet dat daar voor Hom en sy groot krag letterlik niks stand kan hou nie.

Die oomblik wanneer die vroue opkyk, is hulle probleme egter iets van die verlede. Die klip is klaar weggerol. Die graf is oop ... en leeg. So gaan dit as ons loskom van onself en ons eie beperkte vermoëns en besef Wie ons hulp is; wanneer ons opnuut verstaan dat die dood Hom wat die straf enduit gedra het en ons met God versoen het nie kon vashou nie. Dis die verkondiging van die leë graf. Die evangelie wat die engel aankondig: Jesus het opgestaan. Gaan en vertel dit aan ander!

Sing: Skrifberyming 10:2,3,4,5

Ds BC Smit (Brits-Wes)